# 21 Julie 2023 - Lesing 79 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**Die motivering om 'n periode op aarde te beëindig –**
17/7/58

**NO: 7167** Maak 'n nota dat die tyd ten einde loop wat aan julle toegeken is om op hierdie aarde ryp te word. Die hele menslike geslag wat hulle in hierdie periode op aarde mog beliggaam het, het min of meer die proef deurstaan, - hulle het binnegaan in die ryk hierna en sal daar hulle positiewe ontwikkeling kan voortsit, al is dit ook onder ander omstandighede as op die aarde.

Maar daar het ook ontelbare mensesiele afgegly in die diepte in. En nou word die laaste van hierdie geslag nog toegelaat om hulleself as mens te beliggaam, ook met die doel, om gedurende die aardse lewe vry te word uit die materiële vorm wat hulle al vir ewighede gevange gehou het.

Maar nou loop hierdie tyd ten einde en daar vind onherroeplik 'n afsluiting daarvan plaas, **omdat 'n nuwe verlossingsperiode moet begin.**

En begryplikerwys is daar in hierdie laaste tyd nog slegs 'n geringe sukses te meld, want daar is nou baie geestelik beliggaamdes **wat God vyandiggesind is**, wie egter nie vroeër toegelaat was nie, juis vanweë hulle weerstand, - maar wat egter vir hierdie periode op die aarde bestem was en wat ook nog die gang as mens moet aflê voor 'n nuwe verlossingsperiode kan begin. Om nou vir hierdie mense die weg oor die aarde suksesvol te laat word, is **baie geeste as geselskap vir hulle gegee**, wat hulle sal lei en bystaan waar die krag van die mense te min is.

Dit is dus wel moontlik dat ook hierdie mense nog ryp kan word, maar tog bomate moeilik, omdat daar nooit met dwang op hulle wil ingewerk mag word nie. Maar die einde van hierdie periode op die aarde is sedert ewigheid vasgestel, dit is in God se heilsplan vasgelê, omdat Hy van ewigheid af weet wanneer dit tyd is op die aarde om 'n nuwe wetlike ordening tot stand te bring, - wat deur die wil van die mense omvêrgewerp was **en daarom 'n positiewe ontwikkeling van die geestelike byna 'n onmoontlikheid geword het.**

Wanneer die mense nou dink dat dit nie met die liefde van 'n "God en Vader" in ooreenstemming te bring is dat 'n skeppingswerk soos die aarde 'n volledige omvorming tegemoet moet gaan nie, dan moet daarteen ingebring word, **dat dit veel eerder 'n bewys van 'n gebrek aan liefde sou wees**, wanneer daar aan so 'n geestelike lae vlak geen einde gestel sou word nie, want die aarde sou dan opgehou het om 'n verblyfplek te wees om die geestelike te omvorm en sy sou haar doel volkome gemis het en alleen nog 'n chaos vêrder in die hand gewerk het wat geestelik op haar sou heers.

Die liefde van God probeer waarlik alles om die mense te help om hulself te red, maar as daar geen verbetering te siene is nie, as daar op hierdie aarde geen geestelike ommekeer te verwagte is nie, - **want daar kan nie daarop gereken word dat die menslike geslag hulself sal verander en terugkeer na die ordening wat deur God gewil word nie**, wat alleen 'n einde sou kon teëhou. En God weet sedert ewigheid dat hierdie moontlikheid nie meer bestaan nie en daarom kon Hy Sy plan op hierdie wil van die mense baseer.

En Hy sal dit ook ten uitvoer bring, want Hy is 'n goeie, regverdige en buitengewone wyse God, Wie niks anders wil doen as om Sy skepsele te help om uit die diepte op te klim na omhoog, na Hom en Wie ook waarlik die korrekte middele ken en aanwend. Maar julle wil nie glo dat die tyd aangebreek het nie, **dat die mensdom al op die geestelike dieptepunt aangekom het wat nou geen uitstel meer duld nie.**

Julle sal dit nie wil insien nie, ofskoon julle innerlike gevoel vir julle sê dat die mensdom niks anders meer het om te verwag nie. En daarom maak julle teenwerping op teenwerping waaraan alle logika egter ontbreek. Want sodra julle eenmaal ernstig daaroor sal nadink wat hierdie aarde is en waartoe sy moet dien en wanneer julle dan sien **dat 'n mens maar selde sy aardse lewe benut om geestelik ryp te word**, wat vir iedereen duidelik sigbaar is, moet dit vir julle ook waarskynliker voorkom dat daar 'n einde moet kom, as dat sy (die aarde) op dieselfde wyse vêrder moet bly bestaan.

Want ook dit moet vir julle heeltemal duidelik wees dat God die mense nie outomaties daartoe kan bring om ryp te word nie, dat daar dus slegs nog 'n verandering van hierdie aarde kan plaasvind, 'n beëindiging van een tydperk wat sonder effek blyk te wees **en 'n begin van 'n nuwe**, waarin die positiewe ontwikkeling van die geestelike weer kan aangaan en **waar ook aan die geestelike, wat hulself in die diepte bevind, 'n nuwe moontlikheid gegee sal word om opwaarts te ontwikkel.**

Julle mense sal steeds die oneindige Liefde en onoortreflike Wysheid van julle God en Skepper in aanmerking moet neem, Wie julle aller Vader sou wil word en Wie ook waarlik alles sal doen om Sy doel te bereik.

En net so sal julle ook die komende einde van die aarde mag beskou **as 'n daad van Sy Liefde**, maar nooit as wreedheid nie, waartoe Hy nie in staat is nie, want nooit wil Hy vernietig nie, inteendeel steeds net die lewe gee aan hulle wat dit deur hul eie skuld verloor het. Amein.